

**19 Maart**

**Juis nou moet ons nie die kwesbares onder ons vergeet nie**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 2**

'n Mens kan maklik in hierdie tyd, waarin daar soveel verwarring gesaai word oor wat die Bybel aangaande sake soos homoseksualisme, saambly van ongetroudes en prostitusie leer, tevrede wees dat jyself darem weet wat reg en verkeerd is. In jou selftevredeheid vergeet jy van dié mense om jou wat nie soveel helderheid oor sake het nie.

Hierdie mense verkeer in groot gevaar, sê Petrus. Indien 'n persoon wat sy/haar lewe volgens God se Woord begin inrig het, 'n valse leer begin glo en dan 'n sondige lewe begin lei, kom daardie persoon in 'n baie slegte posisie te staan – 'n posisie slegter as die tyd voor hy/sy die wil van God leer ken het. Die persoon se posisie is só erg dat dit eintlik beter sou wees as hy/sy nooit die wil van die Here leer ken het nie (vs 21)!

Wie is hierdie mense wat so kwesbaar is? Petrus verwys na mense wat wel die wil van die Here leer ken het en hulle lewe daarvolgens begin inrig het. Hulle is egter nie gevestig in hierdie leer nie en het nog nie behoorlik gevorder om hulle lewe volgens hierdie leer in te rig nie. 'n Mens kan dink aan mense wat onlangs tot geloof gekom het, aan alle jong verbondskinders, en selfs ouer kerkmense wat nooit werklik op die pad van heiligmaking gevorder het nie.

Ken jy dalk sulke mense? Besef betyds hulle kwesbaarheid en sien dan met liefde, volharding en met groot sorgsaamheid na hulle om.

*Sing: Psalm 73:5, 6, 7*

*Dr. DG Breed (Waterkloofrand)*